

Lêerno.: 20/3/13/P  
Verwysing: 20240227-2010

Eksamenadministrasieminuut: 0003/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

**Onderwerp: Aansoekproses om as nasiensentrums diens te doen vir die Nasionale Senior Sertifikaat- en Senior Sertifikaat-eksamens van November 2024 tot September 2027**

- Ingevolge Regulasie 36 van die *Regulasies betreffende die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen*, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 31337 van 29 Augustus 2008, soos gewysig, moet provinsiale onderwysdepartemente geskikte nasiensentrums inrig en bestuur.
- Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) het derhalwe 'n mandaat om geskikte hoërskole/sentrums te identifiseer wat as nasiensentrums vir die nasien van die antwoordskrifte van die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) en Senior Sertifikaat- (SS-) eksamens diens kan doen.
- Skole/sentrums wat aan die kriteria voldoen (soos in **Bylae A** uiteengesit), word uitgenooi om aansoek te doen om vir 'n tydperk van drie jaar, van Desember 2024 tot September 2027 as nasiensentrums vir die NSS-/SS-eksamens diens te doen en vir hierdie tydperk nasieners te akkommodeer. Die nasientydperke/-siklusse is die volgende:

Eksamen	Nasientydperk
November se NSS-eksamen	01 tot 24 Desember
Hernasien van November se NSS-eksamen	Oor 'n naweek (Vrydag tot Sondag), middel Februarie
Mei/Junie se NSS-/SS-eksamens	Eerste twee weke van die Junie-/Julie-skoolvakansie
Hernasien van Mei/Junie se NSS-/SS-eksamens	Eerste naweek (Vrydag tot Sondag) in September

#### 4. **Aansoek om as nasiensentrum diens te doen**

- 4.1 Aansoekers wie se aansoeke om as nasiensentrums diens te doen, suksesvol is, sal slegs vir 'n tydperk van drie jaar, van Desember 2024 tot September 2027, aangestel word. Alle skole/sentrums wat voorheen as nasiensentrums diens gedoen het en weer daarvoor in aanmerking wil kom, moet weer 'n aansoek indien.
- 4.2 Die kriteria vir nasiensentrums (in **Bylae A** uiteengesit) is aangeheg sodat skole/sentrums kan bepaal of hulle aan die kriteria voldoen voordat hulle die aansoek indien.
- 4.3 'n Nasiensentrum moet oor die kapasiteit beskik om voldoende voorsiening te maak vir die behoeftes van die nasienpersoneel en moet die nasienproses ondersteun. Voordat 'n skool/sentrum aansoek doen om as nasiensentrum oorweeg te word, moet hulle die volgende vereistes oorweeg:
- (a) Nasienruimte en geskikte opleidings- en toiletgeriewe
  - (b) Spysenieringsgeriewe
  - (c) Koshuisverblyf (indien vereis)
  - (d) Sekuriteit
  - (e) Toegangsbeheer, om te voorkom dat ongemagtigde persone toegang verkry
  - (f) Parkering
  - (g) Vervoer-/pendeldiens (soos vereis)
  - (h) Bestuur van administrasie/beheersentrum
  - (i) Inligtings- en kommunikasietegnologiegeriewe.
- 4.4 Skole/sentrums wat in aanmerking wil kom om as nasiensentrums diens te doen, moet die aanlyn aansoekvorm gebruik om aansoek te doen en verseker dat hulle aan die kriteria vir nasiensentrums voldoen.
- 4.5 Toegang tot die aanlyn platform vir aansoeke om as nasiensentrums diens te doen, kan via die volgende skakel verkry word: [Marking Centre Application Form](#)
- 4.6 Skole/sentrums wat verkies om 'n gedrukte aansoekvorm in te vul, kan in verbinding tree met die amptenare wat in paragraaf 8 genoem word.
- 4.7 Die sluitingsdatum vir skole/sentrums se aansoeke om as nasiensentrums diens te doen, is **28 Maart 2024**.
- 4.8 Terreinbesoeke sal by alle skole/sentrums wat die kortlys haal, uitgevoer word om te verseker dat hulle aan die geïdentifiseerde kriteria voldoen.
5. Slegs die Hoof van Onderwys het die mandaat om skole/sentrums as nasiensentrums goed te keur op grond van die kriteria wat in Bylae A vermeld word.

6. Die aanstelling van skole/sentrums as nasiensentrums sal aan die hand van 'n **FINALE aanstellingsbrief**, wat deur die Hoof van Onderwys of sy benoemde onderteken is, bevestig word.
7. Daar word voorsien dat die nasienprosesse by nasiensentrums nie inbreuk sal maak op enige interne skoolprosesse nie. Skole wat gekies word, moet, soos vereis, vir die **volle duur** van die nasienproses vir November se NSS- en/of Junie se NSS-/SS-eksamens beskikbaar wees.
8. Kontak asseblief die volgende amptenare indien u enige verdere bystand verlang:

Distrik	Amptenaar	Kontakbesonderhede
Metro-Sentraal Metro-Suid Metro-Oos	Bronwyn Calvert	<a href="mailto:Bronwyn.Calvert@westerncape.gov.za">Bronwyn.Calvert@westerncape.gov.za</a> Tel. no.: 021 467 2994
Metro-Noord Kaapse Wynland	Monica Hollenbach	<a href="mailto:Monica.Hollenbach@westerncape.gov.za">Monica.Hollenbach@westerncape.gov.za</a> Tel. no.: 021 467 2960

9. Distriksdirekteure, kringbestuurders, assesserings- en eksamenkoördineerders en vakadviseurs word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle prinsipale te bring sodat hulle vertrouwd is met die aansoekproses en die kwalifiseringskriteria om in aanmerking te kom om vir die tydperk van Desember 2024 tot Junie 2027 as nasiensentrum diens te doen.
10. Die WKOD maak staat op u samewerking en ondersteuning in hierdie belangrike aangeleentheid.

**GETEKEN:** H MAHOMED

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2024-03-04